

Sing vooraf staande: Psalm 18:1, 13 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 13 Die HEER verlig die harde juk / van wie hier sug in leed en druk;
maar Hy verneder dié wat hoog / en ydel is van hart en oog.
My lamp brand in die donker uur; / God het my donker opgeklaar!
Met God storm ek 'n leërskaar / en met Hom spring ek oor 'n muur!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Gebed

Psalm 18:15, 16 (p. 76)

- 15 God het met krag my aange gord; / deur Hom 't my weg gelyk geword.
Hy laat my voete op dié baan / so maklik soos die herte gaan,
en lei my na die hoogtes dan / van seëpraal en heerskappy;
my hande leer Hy om te stry, / dat ek 'n koperboog kan span.
- 16 Die skild van redding gee U my, / u regterhand was my naby;
u goedheid het tot my genaak / en my uit kleinheid groot gemaak.
My voet was deur u guns weer vry, / my enkels het my nie gefaal;
ek het my vyand ingehaal, / verdelg, geeneen het oorgebly.

Skriflesing: Habakuk 3:1-19

Kernverse: Habakuk 3:16-19

Toe ek dit hoor, het my ingewande gebewe; my lippe het getril by die geluid, bederf het gekom in my gebeente, ja, ek het gebewe waar ek staan, omdat ek rustig moes wag op die dag van benoudheid dat dit aanbreek vir die volk wat op ons 'n aanval maak.

Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil.

Die HERE Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes.

(Habakuk 3:16-19 AFR53)

Tema: God se Woord werk 'n ongekende vertroue en vrede in 'n mens

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die eerste twee hoofstukke van Habakuk het ons gehoor hoe 'n gelowige met die Here in gebed worstel en ons het gehoor hoe die Here daarop antwoord. Habakuk het in kinderlike eerlikheid gelowig met die Here geworstel. Hy het gevra hoe lank die Here nog gaan wag voordat Hy iets aan die onreg in Jerusalem doen en waarom die Here hom die onreg in sy eie land laat aanskou, en die Here het geantwoord. Hy het verder geworstel en gevra hoe die gelowiges behoue sal bly en of die Galdeërs ooit rekenskap van hulle bese dade sal gee. Ook hierop het die Here hom geduldig geantwoord. Met gelowige vertroue het Habakuk heelyd voor die Here bly staan om iets van die Here se werk te begryp. In sy worsteling het Habakuk van aangesig tot aangesig met die Here gekom. En die Here self het vir hom gesê dat Hy volmaak regeer om die mense wat Hy regverdig maak te verlos. In hierdie laaste hoofstuk hoor ons wat Habakuk beleef het toe die Here so met hom gepraat het en waartoe dit hom uiteindelik gebring het.

Ons het die uitsonderlike voorreg om elke dag die stem van die Here te hoor. Sondae word die Woord van die Here verkondig, elke oggend en aand lees ons die Bybel. Elke kwartaal word daar by ons huisbesoek gedoen. Watter impak het die Woord van die Here op ons lewens? Kom daar 'n verandering in die manier waarop ons lewe of gaan ons maar net aan soos gister en eergister voordat ons die Woord gehoor het?

Die Here sê sy Woord is skerper as enige tweesnydende swaard en dit dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart (Heb 4:12-13). Wanneer die Heilige Gees ons diep en sekuur met die Woord van God oopgesny het, kan 'n mens verskeie reaksies toon. As die Here my deur sy ouderling oor 'n sonde in my lewe vermaan, kan ek met woede reageer en die ouderling met woorde aanval. Maar eintlik is ek nie kwaad vir die ouderling nie. Ek is kwaad vir die Here, want wat Hy nou deur sy ouderling vir my sê, is nie wat ek wil hoor nie. Maar omdat ek "respek" vir die Here het, haal ek my woede en frustrasie in woorde op die Here se ouderling uit.

Die Here het Habakuk in sy diepste menswees raak gesny met sy Woord. Hierop kon Habakuk ook voortgaan om die Here te ondervra. Omdat die Here volgehou het dat Hy die Galdeërs gaan gebruik om sy volk van hulle ongehoorsaamheid te reinig, kon Habakuk die Here aanhou vra om rekenskap te gee oor sy werk omdat die Here se antwoord nie was wat Habakuk verwag het nie.

Ek kan ook anders reageer as die Here my deur sy ouderling aanspreek. Ek kan my rug draai op die ouderling en miskien op die kerk en sê: Nou kan julle maar doen wat julle wil. Die Here het mos nou klaar gepraat deur sy ouderling. Ek sal nou maar vir die onafwendbare slag wag. As ek getug word, is dit nou maar so. Die Here het mos klaar gepraat.

Habakuk kon ook omdraai en nie verder met die Here praat nie maar in hopeloosheid teruggesak het en gesê het: Dit help tog nie om verder te praat nie, want die Here het klaar besluit wat Hy gaan doen. Hy stuur die Galdeërs, en ja, die Galdeërs sal eendag rekenskap moet gee van hulle bese dade, maar Jerusalem gaan nog steeds platgevee word deur hierdie wrede en woeste nasie. Daarom kon Habakuk besluit het om homself in 'n bondeltjie te rol en maar net te wag totdat die slag verby is. As hy bly lewe na die slag, is dit goed, en as hy onder die slag gaan sterf, is dit ook maar goed. Die Here het mos nou klaar gepraat.

Broers, susters en kinders, wanneer 'n mens so op die Woord van die Here reageer, het 'n mens nie geluister nie. En daarmee saam het jy ook die belofte van hoop en herstel vergeet. Die Here het in sy antwoord vir Habakuk die belofte van hoop en herstel gegee. Hy het gesê dat die regverdige deur die geloof sal bly lewe (Hab 2:4).

Habakuk het tot die Here gebid en die Here het hom geantwoord. Die Here se Woord het hom in sy diepste menswees geskud. Hoor hoe sê Habakuk dit:

Toe ek dit hoor, het my ingewande gebewe; my lippe het getril by die geluid, bederf het gekom in my gebeente, ja, ek het gebewe waar ek staan, ...
(Habakuk 3:16a AFR53)

Habakuk was oorweldig oor wat die Here gesê het. Die Galdeërs sal met die allerverskriklikste wreedheid op Jerusalem afkom. Goddelose mense sal die volk van die Here oorweldig. Maar dit gaan nie daar eindig nie. Die Galdeërs sal ook nie skotvry daarvan afkom nie. En nou staan Habakuk ook stomverbaas oor die onafwendbare ondergang wat die Here oor die Galdeërs sal bring.

Dit is te verwagte dat 'n ontmoeting tussen 'n sterflike mens en die lewende God 'n ont-saglike impak op die siel en liggaam van die mens sal hê. Habakuk het in sy worsteling nie net die Here uitgevra oor hoekom Hy werk soos wat Hy werk nie. Hy het ook gebid dat hulle in Jerusalem die Here se werk in hulle eie leeftyd weer sal ervaar. Hy het gebid dat daar herlewing sal kom in hulle leeftyd en die Here het gesê Hy gaan dit doen, maar nie enigsins op die manier wat Habakuk verwag het nie. Daarom is Habakuk met ontsag vervul. Hy het stil geword en kon nie beweeg nie, want die Woord van die Here het hom in sy binneste geraak.

Geliefdes, wanneer die skerp, tweesnydende Woord van die Here diep en sekuur in ons lewens insny wanneer ons kinderlik gelowig met die Here worstel in gebed, is dit wat met 'n mens gebeur. Jy word tot in jou diepste menswees geskud deur die werk wat die Here doen. Jy word doodstil voor die Here. Jy kan nie beweeg nie, want die heilige God het jou met sy Woord ontmoet. Jy is byna platgeslaan deur wat die Here gesê het.

Maar dat jy platgeslaan is deur die Woord van die Here is nie die belangrikste nie. Die Here wil nie net die boosheid en kwaad uit ons lewens uit wegsny en ons daar aan flarde laat bly lê nie. Hy sny die kwaad uit sodat ons weer kan opstaan. Die belangrikste is daarom wat gebeur as jy nou daar opstaan. Reageer jy met woede omdat jy nie gehoor het wat jy wil hoor nie? Draai jy jou rug op die Woord en wag nou maar net dat die slag klaar moet val?

Hoor net watter verrassende reaksie daar by die kind van die Here kom nadat hy die lewende God ontmoet het. Habakuk reageer met twee vaste voornemens wat daarvan spreek dat hy die belofte van die Here op hoop en herstel sy eie gemaak het. Habakuk word 'n lewende voorbeeld van 'n regverdige wat deur die geloof lewe.

Die eerste voorneme van 'n ware kind van die Here: Ek sal geduldig wag (Hab 3:16). In Habakuk se eerste klagte het ons 'n ongeduldige mens gehoor. Toe het hy gevra: "Here, hoe lank nog?" Nadat die Here met hom gepraat het en verseker het dat Hy aan die werk is, het die kind van die Here 'n mens vol verwagting geword. God het gepraat, daarom hoef hy nie meer angstig te wees nie. Die Here se Woord is soos die Here self. Dit is betroubaar en waar. Die Here stuur die Galdeërs om sy volk te tug, maar die Galdeërs sal ook rekenskap gee van hulle dade. Habakuk kon nou rustig en geduldig wag, want hy sien

en aanvaar dat alles wat gebeur geheel en al in die wysheid en regverdigheid van die almagtig God geleë is. Habakuk het immers die Here self hoor praat met Hom.

Wanneer ons tot die Here bid dat daar groei en standvastigheid in ons verhouding met Hom moet kom en ons hoor watter moeilike tye ons nog sal moet deurmaak om uiteindelik daar te kom, hoef ons nie moedeloos te word nie. Wanneer ons vermaan word, is dit nie nodig om met woede of met 'n rugdraaiery te reageer nie. Die Here wil ons ophef tot hoër hoogtes. Hy wil hê dat ons verhouding met Hom al hegte en meer intiem sal word. Laat ons daarom geduldig wag. Die Here belowe immers hoop en herstel. Hy sê vir jou en vir my ook: Die regverdige sal deur die geloof lewe.

Daarom het die Here nie nodig om vir ons 'n datum te gee wanneer ons verhouding met Hom standvastig en volmaak sal wees nie. Ons kan glo dat Hy dit sal laat gebeur, want sy Woord is net so waar en betroubaar soos Hyself. Die Here het ook nie vir Habakuk 'n datum gegee wanneer Juda onder die oordeel gaan kom en wanneer die Galdeërs rekenskap van hulle dade sal gee nie. Maar omdat die Here se Woord vas en betroubaar is, kon hy geduldig wag op die dag van oordeel wat Juda en later ook die Galdeërs sou tref.

Die tweede vaste voorneme van 'n ware kind van die Here:

Nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil.
(Habakuk 3:18)

Maar nou moet ons nie die fout maak om te dink dat dit aangeplakte blydschap en vreugde is nie. 'n Mens kan mos partymaal baie bly lyk, maar binne-in 'n mens woed en raas dit nog. Dit is ook nie 'n blydschap wat sê: ag wat, al die slegte goed is nie so erg nie. Nee, die moeilikhede word vierkantig in die gesig gekyk.

Wanneer 'n mens hoor watter moeilike pad vir Habakuk en sy mense voorlê om by daardie herstel te kom wat die Here belowe, besef 'n mens soveel meer hoe groot die blydschap en vreugde is. Habakuk noem eers die feite op:

Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil.
(Habakuk 3:17-18 AFR53)

Hierdie dinge wat Habakuk opnoem, is nie maar 'n verlies aan luukse goed nie. Hy noem die basiese lewensmiddele op. Die aanval en oorweldiging van die Galdeërs sal Jerusalem van alle basiese dinge ontnem. Daar sal nie graan, olie of wyn wees nie. Daar is nie wol of vleis nie. Daar is nie melk of brood nie. Daar is niks wat liggaam en siel aan mekaar kan hou nie – niks nie.

Vir my en jou beteken dit dat al slaan die Here my eie wêreldjie stukkend met sy Woord, al word ek ontnem van my kar en besittings, al word my huis kaal gestroop, al word my werk van my weggeneem deur regstellende aksie, ek nogtans in die Here sal jubel.

Dit is een ding om dankbaar te wees en die Here te loof vir al die goeie dinge waarmee Hy ons seën. Dit is heeltemal 'n ander ding om te jubel wanneer jy met heeltemal niks oorgebly het nie. Habakuk het geleer om te jubel, nie oor enige hoeveelheid seëning wat hy van die Here ontvang het nie, maar om te jubel in die Here self. Vanaand leer die

Heilige Gees my en jou ook om te jubel nie oor wat die Here vir ons gee nie, maar in die Here self.

Ons ontmoet die lewende God wat Homself aan jou en my onlosmaaklik vasgemaak het. Hy het sy verbond met ons elkeen persoonlik bevestig. En van sy kant af hou die Here sy verbond. In Jesus Christus gee die Here Homself in ons plek sodat die verbond ewig kan bly. En omdat die Here wil hê dat ek en jy met Hom, die lewende God, 'n vaste en intieme verhouding van liefde en trou sal hê, gee Hy ook sy Gees aan ons. Die Here het sy verbond nie net met ons bevestig nie, Hy hou dit ook vir ewig.

Ons het mos al beleef dat die Here ons vergewe. Ek en jy glo mos dat Jesus Christus nie net vir ander mense nie maar ook vir ons aan die kruis gesterf het. Daarom kan ons in die Here jubel. Ware seën bestaan nie daarin dat ek ook 'n huis en 'n kar en baie besittings uit die hand van die Here ontvang het nie. Ware seën en blydskap bestaan daarin dat ek en jy aan die Here behoort. Hy het ons nie met goud en silwer gekoop nie maar met sy kosbare bloed. Daarom kan niks en niemand ons ooit van die liefde van God skei nie. Ons jubel en juig in God ons Redder, want Hy het ons sondes op sy Seun gelaai en ons daarvan verlos. Daarom, of ek nou baie of min het, alles of niks, maak nie saak nie, want die Here is my God en ek is sy kind. Daarin sal ek jubel en juig.

Saam met Habakuk het ons hierdie vaste voorneme om in die Here te jubel terwyl ons die feite en die belofte van die Here in die oog het. Ek en jy weet dat daar 'n moeilike pad vir ons voorlê om nog 'n vaster en intiemer verhouding met die Here te hê. Ons as gemeente weet dat daar 'n moeilike pad vir ons voorlê om waarlik die kerk te wees en te bly soos wat die Here wil hê ons moet wees. Jesus sê self vir ons:

In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin. (Johannes 16:33 AFR53)

En hier in Habakuk hoor ons ook die belofte van die Here: Die regverdige sal deur die geloof bly lewe (Hab 2:4). Ons weet die Here wil hê dat elkeen van ons se verhouding met Hom volmaak moet word. Ons weet dat die Here sy kerk so sal bewaar dat die Satan dit nie sal oorweldig nie. Daarom kan ons soveel te meer in die Here jubel en juig in God ons Redder. Ons gaan daar uitkom, want die Here belowe dit en Hy gee vir ons die krag.

Maar is daar iets waarna ons kyk waaruit ons nog meer die aanmoediging kan kry om aan die belofte van die Here vas te hou? Ja, verseker. Eers toe Habakuk teruggekyk het in die verlede van die volk van die Here kon hy sien dat die werk wat die Here in hulle leeftyd gaan doen, daarop gerig is om die regverdiges te red, want al sy werke in die verlede was daarop gerig. As ek en jy vandag terugkyk in die verre verlede in, sien ons dat die Here ook die allerverskriklikste dinge met sy Seun laat gebeur het om vir jou en my te verlos. As ons terugkyk op ons eie verlede, kan ons sien hoe die Here ook ander moeilike tye oor ons lewe gebring het, nie om ons te vernietig nie, maar sodat ons in ons verhouding met Hom kon groei. Daarom kan ons in die Here jubel as ons nou weer by 'n steilte in ons lewe gekom het, want dit is die pad wat die Here vir ons gekies het om nader aan Hom te groei en Hy het ons vir hierdie pad voorberei deur ons hele lewe heen.

Wanneer die Here vandag my oë oopmaak om te sien dat ek nog hierdie of daardie ding in my lewe moet afsterf wat ek gedink het so broodnodig vir my karakter is, wys die Here juis vir my daardie plek waarheen ek moet gaan om nader aan Hom te groei. Ek word nie ontmoedig omdat dit vir my 'n probleem is nie. Ek sien uit daarna om na daardie hoë plek te gaan, want die Here gee deur sy Gees aan my die krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, en op hoë plekke laat Hy my veilig loop.

As ek gedink het dat daardie een uur minder se werk, een oomblik minder se energie aan my ambisie my wêreld in duie sou laat stort, verseker die Here ons vandag dat dit nie is wat sal gebeur nie. Inteendeel, ons lewe sal ryker en voller word omdat ons met die Gees van God waag om op die hoë plekke te loop waarlangs ons nader aan Hom kan groei. Die Here sal ons nie van die hoë plekke laat afval nie, want Hy wil hê dat ons nader aan Hom sal groei. Hy wil hê dat ons kerk sal wees soos wat Hy dit wil hê.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 14-2

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / Al sou die wingerd sonder druiwe staan;
Die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / Die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –
Nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 September 2014